

26 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:23-33 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:31

Alles tot eer van God ...!

Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God. Hoe dan anders, sou 'n mens wil vra? Is hierdie oproep van Paulus dan nie 'n gegewe of 'n normale vertrekpunt vir ons as gelowiges nie? Is dit dan nie ons hoogste motief en die uiteindelijke doel van ons bestaan nie? Om alles te doen tot *eer van God!*

Ja, natuurlik, wil ons eenparig antwoord, nie waar nie? Maar tog blyk dit dat hierdie oproep van Paulus aan die gemeente in Korinte nie so eenvoudig was nie. Korinte, 'n wêreldstad vol afgodery, heidense praktyke, losbandigheid en onsedelikheid, opstandigheid, leuens en valsheid! Die evangelie van Jesus Christus is hier as onsin en dwaasheid uitgelag. Die samelewing was deurspek met maatskaplike, sosiale en geloofsprobleme – buite die gemeente en binne die gemeente – dit klink byna soos vandag!

Daarom is die uitleef van die opdrag vandag nog net so moeilik. Nie dat die verwagting van God in ons teks buitensporig is nie, maar ons is steeds sondige mense en deel van 'n sondige wêreld wat *God se eer* beslis nie in alles eerste stel nie.

En tog kom die oproep steeds helder en duidelik tot ons as Christengelowiges ... *wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.* Hierin sien ons dat die *eer van God* nie onderhandelbaar is nie – dit maak nie saak tussen wie en waar ek my bevind nie, dit maak nie saak waarmee ek besig is nie. *God se eer, sy heerlijkheid, sy heiligheid, sy glorie*, moet in hoofletters bo my gedagtes, my woorde en my daede geskryf staan. Dit beteken ek kan nie maar redeneer en praat en maak soos ek wil nie ... in alle omstandighede (ja, ook vandag nog) moet ek onder leiding van die Heilige Gees *God se eer* soek.

En deur my soeke na *God se eer*, moet ek doelbewus ook andere in die geloof opbou. My eie belange, my eie vryheid, my eie gewete, my eie voorkeure ... *al my doen en late* ... word 'n dankoffer vir die reddende genade wat God deur sy Seun Jesus Christus aan my bewys het ... en so ontvang God die eer!

Sing: Psalm 149:1, 2 (1936)

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)